# Die WAPAD

## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur** P. J. W. Louw. **Tegniese Adviseur:** P. H. S. Pieterse. **Hulp-Adviseur:** C. Malan.

**Subredakteure:** D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

**Administrasie:** L. J. Nelson (voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Randt.

Deel V. No. 2. 31 Maart 1950. 3/- per jaar.


# P.U.K. ATLETIEKSPAN DRA LOUERE WEG OP W.T.A.A.-BYEENKOMS

**Saterdag, 25 Maart 1950, is 'n dag wat onthou kan word in die geskiedenis van die P.U.K. se Atletiekklub toe die span van hierdie klub sy neus by die Wes-Transvaalse kampioenskappe gaan insteek en gebuit het wat daar te buite was. In een opsig was die byeenkoms teleurstellend—die bywoning was swak wat toeskouers betref, hoewel dit 'n lieflike, sonnige dag was. Dit moet blykbaar toegeskryf word aan die feit dat 'n paar ander sportbyeenkomste die W.T.A.A. in die wiele gery het. Desondanks het daar 'n paar rekords gespat, en is 'n paar geëwenaar. En die mans bo 19-skild het sy pad na die P.U.K. gevind!**

Verlede jaar het een van die toonaangewende studente die opmerking gemaak dat sekere sportklubs gesterwe het, „soos bv. die atletiekklub."

Dit is nou eers 1950 en die klub het reeds presteer—'n prestasie wat die ander sportklubs ons sal beny. Entoesiasme en opoffering kan wonders verrig, soos dit in hierdie geval geblyk het, en ons hoop van harte dat die ander klubs dieselfde voorbeeld gaan volg.

**Die volgende prestasies is behaal:**

**In bogenoemde kampioenskappe het die P.U.K. atletiekspan in die afdeling „Mans Bo-19" die skild verower, en daardeur onomwonde bewys dat hulle die beste atlete is in Wes-Transvaal. Die beker vir die beste man bo 19 en onder 19 is gewen deur H. C. Boshoff en W. A. Nel onderskeidelik—albei P.U.K.-studente natuurlik.**

**Die volgende is plekke verower deur lede van die span:—**

**Dames:** R. Ludolf, 2e in 100 treë.

**Mans bo 19:** H. C. Boshoff, 1ste in 100 treë (dit ewenaar die rekord), en in 220 treë.

P. S. Bosman, 2e in driespong.

J. C. Steenkamp, 3e in die 440 treë.

**Die aflosspan** het gewen.

**Seuns onder 19:**

W. A. Nel, 1ste in 100 en 220 treë.

H. Kruger, 1ste in paalspring.

W. C. Bothma, 1ste in spiesgooi.

N. J. Snyman, 2e in 440 treë.

**Seuns onder 17:**

Coetzee, 2e in 100 treë en 3e in 220 treë.

Verder verdien gemeld te word, wat nie-Pukke betref, die prestasies van Mej. F. C. Wills wat op haar eie rekord van 11.5 sek. in die 100 treë verbeter het met .2 sek., asook op haar 150-treë-rekord met .5 sek.

(Vervolg op bladsy 3, kolom 3).

## HULDE!

**Geloof, doelbewustheid, . . . worsteling . . . duisternis . . . vernedering . . . volharding . . . stryd.** Dit was die vorslandtrek van 'n klein groepie . . . 'n groter groep . . . 'n kollege—**waarheen?** Na die **Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**—U wil juig en u vreugde uitskreeu . . . .

**WAG!** Voor u staan 'n vermoeide gestalte—kyk na sy vasberade saamgeperste lippe, sy staalgrys oë, sy hoë voorkop . . . luister na sy verlede—selfopoffering, volharding, stryd!

Nou **herken** u hom—Dit is ons veggeneraal, ons leier, ons strateeg! Nou **weet** u dat deur sy deeglike werk en beplanning die wetsontwerp vanjaar ingedien kon word; u weet dat dit sy gestalte was wat in Kaapstad tydens die sitting gedurig tussen die wandelgange beweeg het; u weet dat dit sy dinamiese persoonlikheid was wat elke teenargument laat wegkrummel het.

Daar voor u staan hy . . . sy hare is grys, sy oë is moeg, sy liggaam is afgemat. Sy wese straal egter . . . Die seën op sy arbeid het hy ontvang . . . Sy ideaal is verwesenlik.

**Tot aan die einde het hy op die voorpunt gebly. Ons dank hierdie man Prof. Ferdinand Postma, ons rektor het met die krag wat God hom gegee het die stryd gewen!**

# Die Wapad.

31 Maart 1950.

## VAN HARTE GELUK U.O.V.S.

P.U.K. roep die Vrystaatse Onafhanklike Universiteit toe: „Van harte geluk! Ons hoop om in julle spore te volg." Saam met julle verheug die P.U.Kaners hulle in julle blydskap om eindelik op eie bene te staan. Omdat ons weet hoe fel die stryd is, kan ons wel ons indink hoe soet die oorwinning moet wees. Mag julle steeds van krag tot krag voortgaan om aan ons land en volk tot diens te wees!

## MOOI SO TENNISKLUB!

Dit is al jare wat die Pukke trag om geld bymekaar te maak om 'n klubsaal te bou. 'n Klubsaal sal inderdaad geweldig meehelp om die goeie gees tussen ons studente te bevorder **en wel veral die gees wat daar heers tussen die mans en die dames.**

Hiermee word geensins geïnsinueer dat daar 'n swak gees heers tussen ons mans en dames nie, maar wel dat daar 'n **groot mate van 'n wedersydse onbekendheid** tussen die twee groepe bestaan. Lg. feit het veral geblyk uit die gees wat daar geheers het op ons onlangse tennis-toernooi. Daar was baie nuwe studente teenwoordig en die oggend toe die deelnemers by die bane aangekom het, het hulle óf in groepies, óf twee-twee vergader. Teen die middag was daar geen teken meer van groepering nie. Die tennisentoesiaste het versmelt in een plesierige groep onder die afdak terwyl hulle die spelers telkens aanspoor of applaudiëer op 'n mooi hou.

**Aangesien die klubsaal nog iets van die toekoms is, moet daar beslis meer sulke pogings aangewend word om intussen die goeie gees tussen mans en dames te skep en bewaar.** ...... ...... ..........

Ons moet die tennis-bestuur gelukwens met hulle sukses, ook omdat hulle meegehelp het om 'n gesellige en 'n aangename gees te bewerkstellig onder die spelers deur die verskaffing van sitplekke en verversings.

## ONS „PAWILJOEN-GEES."

Tereg is elders in hierdie uitgawe opgemerk dat P.U.K. die beste ondersteuning van die „kantlyn" ontvang het met die pas afgelope W.T.A.A.-byeenkoms. Dit is beslis 'n goeie begin Pukke!

Op die sportveld het ons Universiteit met volle vaart weggespring. Die skild vir die beste atletiekspan is deur ons span ingeoes asook beide die bekers vir die beste atleet onder- en bo-negentien. Ons eerste rugby-wedstryd is gewen! Hierdie feite toon vir ons **dat die Pukke net moet volhou om ons spanne gereeld en in groot getalle van die pawiljoen af te gaan ondersteun—die res kom vanself!**

## VAN S.R.-WEE . . .

Soos in „Die Wapad" van 18 Maart 1950 opgemerk, het die S.R. 'n skuld van £200. Daar is ook gemeld van 'n oortrokke rekening van £200. Ongelukkig het daar 'n misverstand ingesluip aangesien die oortrokke rekening en die skulde oorvleuelend was. Die S.R. versoek asseblief alle studente om van hierdie feit kennis te neem.

Alle Klubs en Verenigings het alreeds kennis geneem van die begrotings wat aan hulle toegestaan is. Ontvang hiermee ons hartlike dank vir welmenende pogings om die begrotings so laag as moontlik te hou sowel as u verstandige houding ten opsigte van besnoeiinge van u begrotings. Die S.R. het hom laat lei deur die beginsel van regverdigheid by die toekenning van begrotings. Ons weet dat u sal besef dat dit nie anders KAN nie.

* * *

Met dankbaarheid het die S.R. kennis geneem van die hoë prestasies van hierdie klub op die Wes-Transvaalse Kampioenskappe. U het u werk deeglik verrig. In besonder 'n woord van dank aan die bestuur en kaptein, Mnr. J. C. Steenkamp vir die ywer aan die dag gelê. Ook 'n woord van gelukwensing aan Mnr. H. Boshoff, eerstejaar Nel, Mnr. H. Kruger, Mnr. W. Bothma en al die ander atlete wat plekke verower het.

Ons koester hoë verwagtings van u met die Dalrymple-byeenkoms.

* * *

Ons wens u almal 'n baie aangename vakansie toe.

---

(Vervolg van bladsy 5, kol. 1).

Die wêreld kan eenvoudig nie die ware sielerus bied nie. As u, wat net die wêreld in die oog het, mag uitjubel: Ek het dit gevind! sal dit niks anders wees as 'n drank van bedwelming nie wat deur Satan aan u voorgesit is. By die ontwaking daaruit sal die ou onrus weer met nuwe gloed in u siele brand. Dit was 'n valse rus.

As u vernaam is in eie oë; dink u is iets of iemand belangrik, ja as u miskien roem op u intellektuele insig en meen u is onfeilbaar in u redenerings, dat u insig wat voortvloei uit uself altyd reg is, en as u nie behoefte het om u met u hele bestaan daagliks aan God op te dra nie dan is u al volkome onder die mag van satan.

Dan sal u ook nie die vreugdevolle sielerus kan vind nie: die bed sal te kort wees en die kombers te smal.

Ons moet die wêreld met sy wellusgenietinge die rug draai, ons moet deur die bestudering van Gods Woord ons **rustelose toestand leer ken** en daardie heerlike uitnodiging van: „Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee," van harte aanvaar.

Dan sal ons reeds in hierdie bedeling daardie heerlike sielerus wat sonder gewetenswroeging is, al smaak.

In ons hele lewenshouding moet ons hart op Hom gevestig wees. Steeds moet ons onsself aan Hom opdra, want Hy skenk waaragtige rus vir ons vermoeide siele wat daagliks die aanslae van Satan moet weerstaan.

L. S. KRUGER.

# SLAAP DIE A.S.B. HOOFBESTUUR?

**Die Hoofbestuur van die A.S.B. het op die 25ste Maart te Bloemfontein vergader. Op hierdie vergadering is sake bespreek waarvan die P.U.Kaners sekerlik graag kennis sal wil neem.**

**In die algemeen kan gesê word dat die vergadering getuig het van die goeie vordering wat die A.S.B. in die afgelope tydjie gemaak het. Die Bond is stewig gegrondves op elke Afrikaanse Universiteit, sowel as in ons volkslewe met sy veelvuldige vertakkinge. Ook in die buiteland is die A.S.B. bekend, en wel op so'n manier bekend dat die hoofbestuur talle briewe van welbekende buitelandse studente-organisasies ontvang waarin ons versoek word om met hulle te skakel en die kontak te bewaar.**

**Ons behoort aan 'n kragtige Bond wat op alle terreine die vinger op die pols het, die mondstuk van die Afrikaanse studente-belange en studente-idealisme.**

Daarom behoort ons as studente ons te vergewis van die aktiwiteite van die A.S.B. as uniale organisasie. En daarom word hierdie artikel geskrywe. Net so'n paar sake word genoem.

Binnekort sal die eerste A.S.B.-BLAD die lig sien. Dit sal 'n stewig gebinde blad van TAGTIG PAGINAS wees. Op so'n blad behoort en sal elke P.U.K.-student inskrywe. Die organisasie van so'n blad is geweldig omvattend en groot onkoste is daaraan verbonde. Daarom help alle takke van die A.S.B. saam.—Laat ons as P.U.K. ook ons aktiewe deel bydra met die insameling van advertensies en die werwing van intekenare.

Wat ontspanning betref, het die hoofbestuur ook baie goed vir u gesorg. Gedurende die Desembervakansie van 1950 sal twee uitgebreide TOERE deur Europa gereël word—'n groot organisasie en 'n moeilike taak! Vir diegene wat so'n toer nie sal kan meemaak nie, reël die hoofbestuur 'n binnelandse toer. Wat kan u nog meer verwag?

Maar die hoofbestuur gaan ontspanning en arbeid vir u kombineer in 'n LANDSDIENSKAMP wat gedurende die eerste twee weke van die wintervakansie gehou sal word. Die plek van die kamp is nog nie bepaal nie—waarskynlik by Magoebaskloof of by die strand.

Wat doen die A.S.B. nog meer vir u? Het u geweet dat die hoofbestuur geruime tyd reeds besig is met onderhandelings i.v.m. STUDIELENINGS. Die hoofbestuur het alreeds d.m.v. 'n kommissie die Minister van Onderwys gaan spreek in dié verband. Ons verwag 'n baie simpatieke antwoord.

Is dit nodig om u aandag te vestig op werksaamhede van die A.S.B. in u eie tak? Al die komitees wat daar bestaan i.v.m. studie ens.? Het u die PERS dopgehou? Onthou u al die VERKLARINGS wat deur die A.S.B. namens die Afrikaanse studente uitgereik is? In die toekoms sal u nog baie meer sien. Weet u dat die hoofbestuur 'n spesiale DIREKTEUR aangestel het om BUITELANDSE VERHOUDINGE Met STUDENTE-ORGANISASIES aan te knoop?

Ons gaan nog verder. Vanaf 2 tot 5 Augustus word 'n reuse KONGRES van die A.S.B. op P.U.K. gereël.—Hier gaan ons ons beleid nog verder uitwerk i.v.m. verskillende aktuele sake. Ook gaan 'n TONEELFEES ten tye van die kongres plaasvind.

Wat 'n groot behoefte vervul die A.S.B. nie! Die leuse is diens—diens aan u almal, want u is almal lede van die A.S.B.

Dra daarom ook u deeltjie by, hoe gering ookal. Ondersteun dit wat ons vir u aanbied. Stel belang in u Bond. Wees gewillig om saam te help bou.

Dit is die boodskap van die A.S.B. hoofbestuur aan die studente van P.U.K.

W. J. DE KLERK

(Vervolg van bladsy 1, kol. 2).

Mevr. L. P. Grobler wat op haar eie gewigstoot-rekord verbeter het met byna 1 vt., sowel as op haar spiesgooi-rekord.

Mej. Fick het die werpskyf 124 vt. 6½dm. ver gegooi en daarmee die ou rekord van 99vt. 5½dm. met etlike voete geslaan.

E. Müller het 'n nuwe driesprong-rekord daargestel.

Belangstelling vir atletiek by die dames is nog uiters swak, en ons sien uit dat hulle sal kom oefen en deelneem. Daar is baie wat die talent het, maar wat nie weet dat hulle dit het nie, of te lui is om dit te beoefen.

Graag wil ek alle atlete wat deelgeneem het bedank, en dié wat suksesvol was, gelukwens.

My hartlike dank aan die Pukkies wat in groot getalle opgedaag het by die Wes-Transvaalse kampioenskappe om ons te ondersteun. **P.U.K. het die meeste toeskouers gehad. Geluk en baie dankie vir die belangstelling en ondersteuning.**

Verder dra ek aan die S.R. ons dank oor vir die bedrag wat in ons begroting aan ons toegestaan is vir die aankoop van apparaat. Na 'n lang tyd sal die atletiekklub weer sy eie apparaat kan besit.

Ek vra aan die ander klubs om ons te ondersteun, om nie atlete wat ons wil gebruik in te palm en hulle te dwing om te oefen en deel te neem aan werksaamhede slegs van daardie klubs nie. Dit is nou atletiekseisoen. Staan hulle aan ons af tot na die 29ste April, want dan hou ons ons groot byeenkoms, die Dalrymple, en

(Vervolg op bladsy 4, kol. 3).

*LEES*———

Die Westelike Stem

**Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.**

———:o:———

**SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.**

# -: *KORRESPONDENSIE* :-

Heimat,
P.U.K. vir C.H.O.,
Potchefstroom,
27 Maart 1950.

Die Redakteur,
„Die Wapad,"
P.U.K. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Geagte Meneer,

**i/s VOORGESTELDE WETENSKAPSVERENIGING:**

Na aanleiding van u inleidingsartikel in „Die Wapad" van die 18e deser, wens ek die volgende ope brief aan die besture van die Ekonomiese-, Filosofiese- en Maatskaplike Werkersverenigings te rig.

Indien die plan deur u uiteengesit byval vind by die besture van bogenoemde verenigings, is ek bereid om 'n tafelronde-konferensie te organiseer bygewoon deur afgevaardigdes van die besture van die genoemde verenigings, en stel in vooruitsig die stigting van so'n vereniging, of dit nou net 'n soort van sentrale „federale"-bestuur sal wees, of 'n groot sentrale akademiese vereniging wat die kleinere verenigings geheel-en-al absorbeer.

As sekretaris van die Regsvereniging wil ek langs die weg ook die bereidwilligheid van dié vereniging verklaar om heelhartig saam te werk in die verband.

Die uwe,
W. ELOFF.

* * * *

P.U.K. vir C.H.O.,
Potchefstroom,
24 Maart 1950.

Meneer, die Redakteur,

As ek te ernstig word oor 'n paar sakies wat oor die algemeen as onbelangrik, oftewel minder belangrik beskou word, maar wat ek in 'n ernstige lig beskou—verdra my swakhede en help my reg. Kyk, die universiteit vorm ons tot manne en vroue van ons volk; vaders en moeders met klare doelstellings, duidelike lewens- en wêreldbeskouinge, vaste beginsels waarby ons sal staan en val. Die man en vrou wat beginselloos is, is willoos, pap en word soos 'n strooitjie deur die waters meegesleur en dobber nutteloos op die oseaan van die lewe rond.

By sommige is die beginsels in kiem aanwesig en moet dit deur regte leiding aan hulle ontdek word; by andere moet dit aangekweek en eie gemaak word. Ons as studente moet 'n krag vir kerk, staat en maatskappy wees. Ons moet aan alles deelneem en op alle terreine van die lewe ons gesag as Calviniste laat geld. En hoe gaan ons dit regkry? En nou, meneer die redakteur, gaan dit skyn asof ek in nietighede gaan verval as ek hierdie stelling neerlê:

**Deur aktief aan die studentelewe deel te neem; deur alle verenigings op P.U.K. te steun en as daar 'n ledevergadering gehou word, dit heelhartig by te woon en te luister na wat ons daar geleer word. Watter krag kan Korps, watter krag kan A.S.B. nie uitoefen as dit die volle en vurige ondersteuning van P.U.K. se studentetal verkry nie!**

Miskien is hierdie brief deur mnr. Postma se diepeenvoudige lesing oor die Uitverkiesingsleer voor Korps geïnspireer. Gestel ek het aan die uitverkiesingsleer getwyfel en ek het nougeset geluister en ek was begerig om lig te ontvang—kon die lesing nie 'n ommekeer in my lewe teweegbring en my vastigheid onder my voete gee en my tot 'n vaste besluit laat kom: Kyk, ek bely dit en daarby gaan ek staan en val nie. Die verenigingslewe vorm 'n inherente deel van die P.U.K.-student.

Ek vra dus dat ons die verenigings in 'n ernstige lig moet beskou en heelhartig moet saamwerk. En, bestuurslede, onthou! op julle rus 'n groter taak. Wees getrou aan jou vereniging deur met ywer elke werk, hoe gering ook al aan te pak—daardeur word julle verantwoordelikheidsgevoel versterk. In dié opsig het bestuurslede al baie gesondig. As 'n belangrike vergadering bv. gehou word en bestuurslede wat afwesig is het geen verskoningsbriewe vir hulle afwesigheid gestuur nie—dan is dit 'n teken van belangeloosheid. En dieselfde geld vir die lede; as iemand nie 'n vergadering kan bywoon nie, moet hy verskoning aanbied.

Laat ons betyds by vergaderings wees. Hieraan besondig bestuurslede hulle ook baie. Laat ons nou reeds ons dissiplineer en in die kleine gehoorsaam wees. En om dit in die daaglikse gang van sake te betrek:

(Vervolg na bladsy 5, kol. 3).

## *'N WATERLIEDJIE.*

*Gee my die Mooie met wilgers verfraai,*
*waar saggies die windjie al strelende waai.*
*Gee my ou Noordbrug met Mooirivierstroom*
*en ek sal tevrede in verlange kan droom.*
*Graag hoor ek stroompies oor klippe heengly,*
*grag sien ek blare op golfies wegry—*
*By al hierdie skoonhede gee my nog haar*
*en waar sou ek elders meer vreugde vergaar?*

L. S. KRUGER.

**Indien u 'n artikel vir „Die Wapad" wil lewer sal ons dit op prys stel as u net die volgende in ag neem: Skryf net op die een kant van die vel papier en laat 'n sylyn oop. Die pers vereis dit.**

**Dankie.**

**REDAKTEUR.**

(Vervolg van bladsy 3, kol. 3).

moet ons alle beskikbare kragte in die veld stoot. Daarna kan u hulle gebruik, en hulle sal in 'n beter staat van afrigting wees as die meeste ander spelers.

Die atlete wat gekies sal word vir die Dalrymple-span moet a.s.b. kennis neem dat hulle gereeld moet kom oefen op die tye wat nog bepaal sal word.

STONY.

**CORNER FRUIT STORE**

VIR

VARS VRUGTE EN GROENTE

DAELIKS.

• • •

**HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.**

**Foon 118.**

# Oordenking.

## WARE EN VALSE RUS.

**„Want die bed sal te kort wees dat iemand hom daarop kan uitrek, en die kombers te smal dat iemand hom daarin kan toedraai."—Jes. 28: 20.**

Hierdie woorde is geskryf in die tyd toe die leërmagte van Assirië dreigend op Jerusalem toegesak het. Die toestand in die volkslewe van Juda was benard.

In eie boesem het die sondes van ongeloof en wêreldgebondenheid brutale hoogtes bereik.

Instede van om berou te toon oor hulle sondes en hulle toevlug tot God te neem, verwerp hulle God deur hulle ongeloof. Hulle het nie hulle hoop en vertroue om vân die magtige Assirië verlos te word, op God gevestig nie, maar op die wapens van Egipte! Die volk was radeloos en moeg van stryd.

Maar nogtans sal daar geen rus vir hulle wees nie, omdat hulle God nie in hulle beraadslagings geken het nie. Om dit uit te beeld, gebruik Jesaja 'n baie plastiese beeld: As 'n mens wil rus, moet jy jou gemaklik op 'n bed kan uitstrek. Maar vir Juda sal daar geen rus wees nie, want die bed sal te kort wees sodat hy hom nie daarop kan uitstrek nie en die kombers te smal sodat dit geen beskerming teen die koue bied nie.

Omdat hulle God nie in hulle planne ken nie, sal Juda nie alleen uitwendig alle rus ontbeer nie, maar ook geestelik sal hulle rusteloos wees.

Die mens is in sy wese behoeftig en hy soek na rus, na welstand vir liggaam en siel.

Maar solank as wat ons dors na wêreldse ideale, na rykdom, eer of voorspoed, genot of plesier, sal ons immer rusteloos bly.

Ons kan net een van twee weë bewandel: die Weg van berou en bekering wat Gods Woord ons teken en die weg van genot en plesier, van selfregverdiging, die weg van die wêreld.

En as ons die wêreld met sy genietinge, met sy satan-beheerde dans- en drinkpartye kies, verbeur ons daardie veelgesogte sielerus. En vir ewig sal sielswroeging ons deel wees.

(Vervolg op bladsy 2, kol. 1).

*Wetenskap en Kuns*

# ONS BESOEK NASIONALE TEATER.

**„Candida" van Bernard Shaw is Vrydagaand in die Stadsaal op die planke gebring deur die Nasionale Teater onder regie van Marda Vanne. Die stuk was bepaald 'n gelukkige keuse—Shaw kan 'n drama skrywe. Daarby word bedoel dat hy met „Candida" daarin geslaag het om regisseur sowel as gehoor terdeë tevrede te stel.**

Die spel was deurgaans van baie hoë gehalte, vlot en boeiend met 'n volgehoue spanning. Hendrik Hanekom en Phillipa Conradie het uitstekend gespeel. In haar eerste professionele optrede, toon Phillipa Conradie reeds dat sy 'n besonder mooi verhoogpersoonlikheid besit. Hanekom se gesigspel was veral imponerend. Soos gewoonlik was hy vir geen enkel oomblik teleurstellend nie. Ook Laurie v.d. Merwe en Michal Grobbelaar wat albei belangrike rolle vervul het, het aan die hoogste eise voldoen. Selfs die minder belangrike rolle van Pikkie v. Niekerk en Gerrit Wessels het veel bygedra tot die algemene geslaagdheid van die opvoering.

Hier en daar was daar egter nog klein hinderlikheidjies. Die bewegings van sowel Pikkie v. Niekerk as Laurie v.d. Merwe was miskien soms te opsetlik—dit het nie eintlik 'n doel gedien nie en het soms die indruk geskep dat bewegings doelbewus langs sekere lyne moet wees, soos 'n blommerangskikking.

Die decor sowel as die kleredrag was besonders en as 'n geheel geneem verdien Marda Vanne alle lof. Sy het uitstekend daarin geslaag om die universele waarheid:

„Al die mans is danig groot

Almal babas tot hul dood,"

weereens te beklemtoon.

**Ook „Oupo Brompie" die vertaling deur A. J. B. de Klerk van Percyval en Hodges se „Grumpy" was baie goed. Hierdie stuk is egter nie so goed geskryf soos „Candida" nie. En alhoewel Marda Vanne wonders verrig het, het die regie tog nie die byna foutlose peil van die Engelse stuk bereik nie.**

Nogtans was die spel van 'n goeie gehalte. Hendrik Hanekom as Oupa Brompie het homself oortref en hy het uitstekende ondersteuning van Erna Eksteen gekry. Die ondergeskikte rolle was goed vertolk deur Mathilde Hanekom, Pikkie v. Niekerk, Japie v. Niekerk, Laurie v.d. Merwe, Gerrit Wessels en Michal Grobbelaar wat twee rolle behartig het. Mathilde het van 'n baie ondankbare rol 'n sukses gemaak.

Maar ook in hierdie stuk het die bewegings soms opsetlik en oorbodig aangedoen. Tot 'n groot mate is hierdie swakheid miskien aan die dramaturge te wyte, maar die regiseusse kon tog daarop verbeter het. Dan was die toneeltjie tussen Wolf en Mnr. Jurgens bepaald hinderlik. Wolf het nie sy woorde tot perfektheid geken nie en het soms gestruikel. Maar Mnr. Jurgens het hom darem elkers goed uit die moeilikheid gered.

Nes in die Engelse stuk, was die decor en kleredrag uitstekend. Ons kan daarvan seker wees dat die gehoor **Oupa Brompie** werklik geniet het en nog baie lank sal onthou.

L.R.B.

---

(Vervolg van bladsy 4, kol. 2).

waarom moet ons alewig laat vir 'n klas kom? Afgesien van die feit dat dit hinderlik is vir die professor en die medestudente, dui dit aan dat ons ons nie kan dissiplineer nie.

Meneer die redakteur, miskien maak ek van 'n molshoop 'n berg. Ek werp geen refleksie op enige persoon of vereniging nie; ek pas alles op myself ook toe en poog net om ietwat van leiding te gee. Maar ons moet ons nou terwyl ons karakter nog gevorm word, dissiplineer, vaste reëls stel waarvolgens ons moet trag te lewe, vaste beginsels te stel wat ons gaan uitdra in die volkslewe. Ek is 'n P.U.K.-aner wat, wat ek hier geleer het, met trots gaan verkondig en bely.

C.J.M.

---

As die ryke dikwels oor sy armoede praat glo hom, hy vertel nie 'n leuen nie.

* * * *

Hoe meer kennisse 'n mens het, hoe minder vriende het hy.

## IN DIE KALKLIG.

Mnr. **Lourens J. Nelson** het 'n nuwe rekord in spykerologie opgestel; hy het in die kort bestek van 72 uur en 10 min. gekys en sy kys gebreek.

* * *

Die here **Hennie de Wet** en **Sirkus du Plessis** verkeer tans in 'n staat van kwaaivriendskap. Die „fight" het eintlik ontstaan oor 'n blote naam— Marietjie Coetzee.

* * *

Mej. **Rita O'Grady** vermy deesdae die telefoon—eerstejaars kan glo so lastig word.

* * *

Mej. **Hettie Lategan** belewe moeilike tye; by monde van 'n eerstejaar moes sy verneem dat Mnr. Johan v. Rooyen die enigste man is wat die moeite werd is om mee uit te gaan.

* * *

Aangesien Mnr. **Gerrit Wissing** die P.U.K. verlaat het, gaan Mej. Marthie Krüger nou vir haar 'n pop aanskaf.

* * *

Mnr. **Jeremie Venter** wag nog steeds op 'n antwoord op sy brief aan Min. Eric Louw, waarin hy vra dat die verbod op goeie haarolie nou opgehef moet word.

* * *

Mnr. **Karel v.d. Merwe** het aansoek gedoen vir 'n herinstelling van somertyd—die gewone twaalf uur per dag gee hom nie genoeg tyd om te eet nie.

* * *

Mnr. **Frans Bergh** het bekend gemaak dat Mnr. Jannes v. Niekerk nie kan proe nie aangesien sy nek te dik is.

* * *

Mnr. **Hennie Schutte** het aansoek gedoen om alleen aan 'n tafel te eet —hy kannie so aanskou hoe hy die ander sewe doodeet nie.

* * *

Mnr. **Blackie Kruger** moet asseblief nie lastig geval word nie; hy is besig om hom te verdiep in die Wysbegeerte. (Skrywe referate af ens.)


* * *

Mnr. **Wouter C. Bothma** is verlede Woensdagaand by die Sing-Songs opgemerk in geselskap van die skone Bets Venter.

### WAARSKUWING AAN DAMES VAN N'KULU.

Die strykkamer se venster is **nie** so ondeursigtig as wat julle dink nie, veral nie in die aand nie.

SKAAMPIE.




## ONS HOU 'N TENNIS-TOERNOOI.

**Op Saterdag 25 Maart het die Tennisklub 'n uitersgeslaagde toernooi gereël, by watter geleentheid die spelers en speelsters mekaar ook op sportiewe gebied, in teenstelling met die gewone spykerologiese, leer ken het.**

Vanaf die oomblik dat die eerste rakette begin swaai het, het **A. Döman** en **Sating Helberg,** wat koel gebly het tenspyte van die hete son, die wêreld vir hulle opponente so warm gemaak dat hulle uiteindelik die louere ingeoes het. Dit wil egter nie sê dat Sating-hulle se spel heeltemal bo die res se vuurmaakplek was nie, want orals is kwaai kompetisie gebied, veral deur Thresico, wat gewys het dat sy die bal-gym net so goed meester is as die houtgym, om nie te praat van manne soos **Donkie,** wat nie 'n oor verroer as 'n bal so voor sy neus verbysuis nie, en **Marassas,** 'n speler wat getoon het dat hy 'n besondere voorliefde vir enkelspel het.

Wat veral opmerklik was, was die gesellige atmosfeer wat dwarsdeur geheers het, en wat sy hoogtepunt bereik het toe aan **Pierre Louw** en **Fransie de Wet** elkeen 'n kruiwavrag sjokolade oorhandig is.

Ons hoop almal dat daar in die toekoms nog baie sulke toernooie gespeel sal word, want daardeur word nie net die gesellige verkeer tussen spelers nie, maar ook die saak van die Tennisklub bevorder.

## DAMES.

Te oordele na die wedywering wat daar is om self in die vierde korfbalspan 'n plek te kry getuig dit van die sportbewustheid van die P.U.K.-dames vanjaar. Daar gaan gerugte rond van 'n **nuwe korfbaldrag** en almal wag gretig daarop. Afgesien van die oefeninge wat entoesiasties bygewoon word, was daar die 22ste deser om 6 vm. 'n spannende wedstryd tussen juniors en seniors. Na 'n kostelike voorstelling voor die tyd het die wedstryd in erns begin en albei kante is met liedjies van die kantlyn af aangemoedig. Die seniors kon hulle prestige handhaaf hoewel die juniors pragtige spel gelewer het.

Die **hokkie** is ook nie langer meer die klub wat moes sukkel om vooruit te kom nie want daar is verskeie speelsters van Wes-Transvaalse standaard Ook hier loop die entoesiasme hoog en elkeen moet besonder hard vir haar plek speel

Die dames wat **jukskei** speel verseker ons dat die skeie nog nooit so akkuraat die pen getref het as vanjaar nie Hulle dring daarop aan dat almal gerus kan probeer gooi—dis heerlik!

Intussen was daar ook 'n **swemgala** tussen die seniors en juniors wat 'n baie aangename gees tussen die groepe geskep het As al die sluimerende talent so gesien word, wens mens onwillekeurig dat die dag spoedig moet aanbreek dat P.U.K. sy eie swembad moet hê en 'n swemklub gestig kan word.

Aan al die dames wil ons net sê—aangename oefening vir u almal.

## THEOS.

Die voetbalseisoen is Saterdag ingelei met 'n oorwinning van 3—0 wat Theos. teen die dorpspan van Groblersdal kon aanteken. As in aanmerking geneem word dat die veld nat, die bal so glad soos seep, en dit die eerste wedstryd van die seisoen was, was die gehalte van die spel deurgaans bevredigend. Uit die aard van die saak was goeie agterlynbewegings skaars, en was dit meestal beperk tot dribbelwerk.

Fires kon een van die agterlynbewegings in punte omsit toe hy die bal agter die doellyn neergesit het. Ou Platbos se spel agter die skrum was skitterend, en sy kort skoppies was die beste wat vanjaar nog opgelewer het. Die vleuels se verdediging was goed, en die heelagter het die bal hanteer asof daar nie 'n voggie in die lug was nie.

Oor die algemeen was ons minder gelukkig met die lynstane, maar met die skrums het dit beter toegegaan.

# P.U.K. SE BESTE

„Met wilde maar met suiwer hart,
Het hy die woeste wedren fel begin"

Hy hardloop die wedren egter alleen, maar dis darem nie te ver nie; ongeveer sewe tree, tot by die streep waar hy moet vastrap om te boul. Nie net die hart is wild nie, maar ook die bene, arms, bewegings—alles.

Ja, dis Van Jaarsveld, P.U.K. se allerbeste, wat boul. Hy kom aangewarrel: arms en bene spat links en regs. Hy trap vas, arm oor en hy boul! 'n Tiende van 'n sekonde ná die bal sy hand verlaat het, hoor jy net 'n benoude: „Eina!", en daar staan die kolwer met 'n blou kol teen die kop, sonder om die vaagste benul te hê waar dit (die blou kol, natuurlik) vandaan kom.

„Nee, Van Jaarsveld, boul stadiger jong."

„O.K., kêrels, maar dan kry ek nie my ,balls' gedraai nie."

Nouja, dit is Van Jaarsveld. Maar gee hom kans en verdra maar die blou kolle. Met die volgende Australiese toer, sal die Springbokke nie so moeilik hê nie, want . . . . Van Jaarsveld sal die Australiërs peper met „lyfgooie" en kopballe, om van stadige draai „balls" nie eers te praat nie. Net so af en toe ook paaltjiestoe mik ou Jaarsie!

## NA AANLEIDING VAN:

## „Die hand aan die ploeg Pukke"

„Hokaai! Honou Bles!; mooi werk my goelas". Dis die **S.R. vorie** wat jong osse aanspreek. Daar sien ons die jong span ongetemde ongeletterde Afrikanerosse. Die voorman het sy hand aan die ploeg en saggies neurie hy:

„Die osse beur voort deur begrotings besuinig, besuinig, besuinig!"

* * *

**Klonkie „Styg"** is net trots op die „mooi blom" wat hy by die „Groot Berg" uitgeslaan het, en nou het hy die S.R. vorie se jong Afrikaners in die oog om sy lobola mee te betaal.





***Wapenskild van***

**HARRISMITH**

Die wapenskild en leuse van hierdie belangrike landboudorp in die Oranje-Vrystaat simboliseer 'n trots in die landbou en in die produkte van die Suid-Afrikaanse bodem.

Die dorp, sy omgewing en sy produkte is dan ook tipies van Suid-Afrika—so Suid-Afrikaans soos Kommando-sigarette wat nog altyd uit die beste Suid-Afrikaanse tabak vervaardig is en wat deur deskundiges so vermeng word dat dit in die smaak val van die Suid-Afrikaanse roker.

**RONDE**
**Kommando**




**In naam en tradisie, 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret**

***KOOP SUID-AFRIKAANS—***
**—KOOP KOMMANDO**
**20 vir 1/- 50 vir 2/4**

C4-A

'n Man kan iemand anders se geheim beter bewaar as sy eie; 'n vrou aan die anderkant bewaar haar eie geheim beter as die van 'n ander.

Slegs diegene wat die geduld het om eenvoudige werkies volmaak te verrig, sal die waardigheid ontwikkel om moeilike take te verrig.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

# U.K.O.V.S. VIER HULLE ONAFHANKLIKHEIDS-WORDING.

**Die Vrystaatse Universiteit het op 18 Maart hulle mondigwording feestelik gevier. Van Woensdag af tot Saterdag het oud en jonk wat aan die Universiteit verbonde is Bloemfontein op horings geneem om die gedenkwaardige mylpaal in die geskiedenis van die inrigting te vier. 'n Pragtige program van 'n musiekkonsert, 'n toneelopvoering, twee groot optogte en 'n gradeplegtigheid het groot getalle besoekers uit alle oorde van ons land getrek.**

Dit was inderdaad 'n groot dag vir die Vrystaters veral as 'n mens die opdraende stryd wat gevoer is om daar te kom, van nader ken. Die huidige onafhanklike Universiteit het sy oorsprong in die „Grey Kollege" wat bykans 'n eeu gelede gestig was deur die toenmalige Goewerneur van Kaapland. In 1892 neem „Grey Kollege" sy eerste stap wat in die rigting dui van die toekomstige groot en invloedryke opvoedingsinrigting wat hy tans is—naamlik Dr. Brill kry dit sovér dat studente vir die sogenaamde „Intermediare" daar opgelei kan word.

Hiermee het die bal aan die rol geraak en 'n lang, moeilike stryd is gevoer om te kom waar U.K.O.V.S. vandag staan—een van die ses onafhanklike Universiteite in ons land met 'n studentetal van by die 1300! Die persone wat die grootste aandeel in hierdie stryd gehad het was seker-lik Dr. Johannes Brill wat 35 jaar lank rektor van die Grey Kollege was, Prof. dr. A. Frankin wat een van die heel eerste studente en dosente was, dr. D. F. Malherbe wat eers dosent en later rektor was, asook Prof. dr. H. v.d. M. Scholtz wat die huidige rektor is, en die eer het om 'n stryd van 'n eeu te bekroon.

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.**

**J.N.J. KRITZINGER**

FOTOGRAAF

**ROYAL HOTEL-GEBOU,**

**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**

**POTCHEFSTROOM.**

**AS U 'N FOTO WIL SKENK,**

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

# LIGGAAMLIKE OPVOEDING EN DIE TEOLOGIE.

Van sommer baie lankal af skyn daar 'n eienaardige verband te bestaan tussen Liggaamlike Opvoeding en die Teologie. Laat ons maar eers 'n paar vroeër voorstanders van Liggaamlike Opvoeding se geskiedenisse nagaan.

**Friedrich Ludwig Jahn** was die seun van 'n predikant. In die skool rebelleer hy teen die optrede van die onderwysers, en word uit die skool gejaag. Hy het die wêreld ingestap, maar later teruggekeer om toelogie te studeer. Voor hy egter klaar was besluit hy dat nie teologie nie, maar Liggaamlike Opvoeding vir hom bedoel was. Hy was die ontwerper van die rekstang en brug. Hy was hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat die Franse juk van die Duitse volk afgewerp is.

**Adolf Spiesz** het teologie bestudeer in die Universiteit van Gieszen. Hier kom hy in aanraking met die gimnastiek van Jahn en Eiselen. Hy word gimnastiek-onderwyser en later stig hy 'n opleidingsinrigting vir gimnastiek-onderwysers.

**Pehr Henrik Ling** was die seun van twee predikante. (Let wel: Die helfte van hulle was later sy stiefvader). Vroeg al is bepaal dat hy ook predikant sou word. Na hy ook baiekeer in opstand gekom het teen die opvattings van die onderwysers, voltooi hy sy studies en word huis-leraar. Hy is egter nie tevrede met sy beroep nie, en gaan bestudeer gimnastiek in Denemarke. Hy stig die Sentrale Instituut in Stockholm waar hy 'n professorstitel ontvang. Grondslae van die gimnastiek soos deur hom vasgelê is vandag nog in Swede van toepassing.

**John L. Sullivan,** die beroemde en mees gevreesde Amerikaanse kaalvuisvegter uit die ou dae, se ouers het besluit dat hy predikant moes word, maar daarmee was hy nie gediend nie. Ook hy stap die wêreld in, en met sy kaal vuiste het hy vir hom 'n pad oopgeslaan na die wêreldswaargewigkampioenskap wat hy met gemak verower, en dit tienjaar lank gehou het.

Ten tweede kom ons na ons leerkragte in Liggaamlike Opvoeding hier in P.U.K.

(Vervolg op bladsy 10, kol. 3).

# BEROERING IN DUIWELSKLOOF

**Die berig van die ontvangs van gesant Sating Helberg aan Gathlandia het groot opspraak in die Kloofduiwels se geledere verwek.**

**Die gunstige berig is met vurkgekletter en tandgekapper begroet. Daarbenewens het digte swart rookwolke die lug ingeskiet en telkens is met aardgeskud die een of ander duiwel se genoeë aangekondig.**

Dan eensklaps hou die sataniese rumoer op en die hoofduiwel lewer sy toespraak:

„Veragte, langstert, vurkdraende duiwelkollegas; die nuus is groot; die gesant is erken; nie met genoeë nie, maar ja-nee, so wil ons dit ook nie hê nie. Ons verwag geen tegemoetkomendheid nie, want dit sou medewerking beteken en ons wil geen medewerking hê nie. Nee, ons wil hê: alleenwerking, algehele oorheersing, en onderdrukking. Duiwels wees getrou aan julle ideaal! Waar ons ontvang word, daar heers ons. Ja, niemand ontvang ons openlik met blydskap nie . . . maar ons kruip in hulle harte in en werk soos 'n invretende suur.



Duiwels wees getrou aan julle ideaal!

Ons het 'n vastrapplek gekry in die Republiek Gathlandia, ons het bereik wat blank S.A. nooit verwag het nie!! Een van die dae is dit een van ons voorposte. Ja, dieselfde mense sal nog aan bewind wees, maar hulle harte . . die sal ons verower en vashok; ons sal hulle aan ons verslaaf sonder dat hulle daarvan bewus is. En nou duiwels gaan slyp julle tande!"

Die klowe skud en bewe en rol. Weereens word die lug gevul met vuurstrepe en dondergerammel, blitssnel beweeg die vurige bekke oor die vuurklip en vonke van tientalle voete lank klief deur die lug terwyl die koorsige asems die lug met 'n dik newel bedek. Dis duiwelsdag!

LUDWIG.

## A WIRELESS LULLABY.

('n Vertaling van Eugéne Marais se „Draadlose Wiegeliedjie).

I.

Sleep baby, sleep soundly through the night,
Because angels guard you and hold you tight.
Sleep soundly to the melody of "His Master's Voice":
„Die hand vol vere" and „Karringmelk Wals."

II.

Daddy's playing snooker and Mum's trying her best;
The servant's gone to church where she can rest.
But Baby, the wireless is on in the room:
„Ou Tante Koba" and „By die ou meulstroom."

III.

When Maw and Paw were still very small,
No „Vastrap" or „Wals" did they hear at all,
Or the privilege of knowing „Nou is die Uur,"
„Sarie Marais" and „Die saal wat hang aan die muur."

IV.

Sleep soundly sweet child, right through the night;
Your eyes are closed because of the light.
Dad is sick and Mum is away
And: „Vanaand gaan die Volkies koring sny."
Finis.

H.B.K.

## *MENS*

*Soos 'n man wat deur*
*die strate onder*
*feesgejoel, tog*
*eensaam en allenig*
*voel; keur hy*
*deur studente-massa*
*ongetel.*
*Hy lag en wink met*
*oë blink van*
*trane, brandend,*
*fel - - - -.*
*- - - - - - - -*

CHAIO.

**Jan Booyens** wou 'n „date aansit" by die stoker, toe slaan die drywer hom met die koolgraaf oor die kop. Met die slag het sy hare nog swarter geword en hoër gerys en een van sy tande wat terselfdertyd as stembandpen dien, het losgegly en dit verklaar vir ons waarom hy nou so hees en vals is.

Bo alle lof verhewe is diegene wat goed praat van hulle wat van hom kwaadpraat.

* * * *

Die dapper geeste van die verlede het nie meer geleenthede as ons gehad nie, maar hulle het dit gebruik.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER
**J. P. V.D. WALT.** L.F.V
**Apteker**
**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
**Foon 929,**
**POTCHEFSTROOM.**

* * *

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

# KUNSKIELIE VIR „DIE WAPAD"

Een van die geagte redaksielede van „Die Wapad" het my genader om 'n artikel te skryf. As gevolg van my sleepologiese, spykerologiese en fliekologiese werksaamhede het ek nie juis daarvoor tyd nie, want boonop moet ek nog Prof. Chris se referate ens. iewers inskuif. Derhalwe het ek maar een van die „High School"-seuns, hier waar ek op die oomblik proefgee, aangesê om dit te doen. Die resultaat was as volg:

**„KUNSKIELIE"1) VIR „DIE WAPAD".**

—by Jack Black.

(Met erkennings vir Piet Marais wie het gevertaal die swaar woorde aan my).

As ek is nie 'n skrywer, sal hierdie kunskielie nie wees van groot kuns kondisie. Ek lief baie al vriendelike van sports en omdat dit, gee ek jul 'n beskryf van die kriekvuurhoutjie, 2) die ons kortliks gekant teen die lokale University het gespeel.

Ons was elf as gebruiklik, so ook hul. Hul het gevlermuis 3) eerste. Gelukkig vir ons, ons kry hul goedste vlermuismanne volg in vinnige sukglibberiges 4) vir 'n eend. Hul ander vlermuismanne volk in vinnige sukses. Ons een bowler (ek kon nie gekry 'n goed Afrikaans woord vir dit) het gevat sewe slegtes 5) vir veertien hardlopings en ons ander bowler skoongegooi drie van hul slegtes in een oor. Hul was al uit vir 32 hardlopings. Toe ons gegaan vlermuis. Ons een oopmakende vlermuisman gemaak 31 hardlopings voor hul gevang hom by vierkantige (of is dit kwadraat) been. Toe kom daar 'n ingee. Sewe van ons ons gemaak eende en hul een bowler bowled maagd agter maagd. 6) Ons laaste vlermuis het gemaak twee voor die gemenebes of liewer die gemene ou hom gee uit been voordat slegte na 'n lawaaierige 'n skil. So ons het gewen by een hardloping. Wat 'n wondervol dags kriek!

H.K.J.G.

1) Article.
2) Cricket match.
3) Bat.
4) Slips.
5) Wickets.
6) Maiden after maiden.
7) Appeal.

# KRULKOPPIE.

(Skuilnaam „ALWYN").

Op 'n fiets met 'n „Vi-Spring" saalvoetjies wat nouliks die trappe haal,
en haartjies woes en ongetem—
en eens was sy doppie heeltemal kaal,
trap hy by die draai met sy tone op die rem
en ry so amper-amper in 'n paal.

Sy togte dra nie veel sukses—
sy bloutjies tel al 'n honderd of ses—
maar sy moed bly so skerp as 'n mes
al moet hy ook „traai" die hele res,
So sien ons hom; dit is maar net hy,
die kleine Krulkoppie van my.

SKRIP.

# UIT VONDEL EN SHAKESPEARE.

**Martie:** „I am sad of your departure; adieu good Monsieur Wissing."

**Steyn:** „O koninklike vrouw en spruit Ik zal u volgen; stap vooruit."

**Hettie:** „To-morrow is the joyful day, Johan, to-morrow will we be married."

**Kaspaas:** „Kon dan die bitterheid hen niet wat zoeter maken."

**Baby:** ‚Hebt mededogen met 'n troosteloze weeuw."

**Thaba'kulu:** „Erbarm u over dees van elk versmade vrouwe."

**Laura:** „Zij tergen mij geduld met al dit ijdel wachten."

**Hélène:** „Mijn Koos. 'k laat mij niet van uwe boezem rukkén."

**Babs:** „Gij worstelt tevergeefs, o wereloos geslacht."

**Rita:** „Och, och! dit's balsem in mijn wonden;
Ik heb mijn P.D. weer gevonden."

**Annatjie P.:** „Ik heb—ik hou hen—'k hou hen vast."

**Esther:** „Mijn eerste en beste bruidegom,
Ik kus, ik heet u wellekom."

**Marié V.:** „Hoe welig treên ze nu op huppelende benen."

**Magda:** „You say, you'll marry me, if I be willing."

**Stevé:** „How dangerous is it that this man goes loose."

(Vervolg van bladsy 8, kol. 3).

Van **Dr. Smith** weet ons min. Ek was bang dat as ek hom uitvra, hy sou dink ek is 'n kommunis. Ek weet net dat hy byna elke vakansie daar naby die Kalahari gaan koedoes en dinge skiet, en hy gaan elke Sondag kerk-toe.

**Juffrou de Wet** het die bietjie werk wat sy hier in P.U.K. moes doen, links laat lê om vir 'n predikant te gaan koskook en so aan.

**Mnr. Lombard** van die Onderwyserskollege, verneem ek, het 'n broer wat in die toelogie studeer of alreeds predikant is.

**Mnr. Joubert** hou nie daarvan dat mens vloek as die swembad se water so koud is nie. Hy is 'n ywerige diaken wat elf-uur voormiddag 'n hokkie-wedstryd in Pretoria speel, en twee-uur-na-middag 'n kerkraadsvergadering in Potchefstroom bywoon.

**Ons vind hierdie eienaardigheid ook tussen die B.P.Ed.-studente.**

Vroeër jare, toe die B.P.Ed.-graad nog 'n nuwigheid was, het daar 'n man besluit om ook baanbrekerswerk te doen, en hy het ingeskryf as B.P.-Ed.-student. Hy was **D. Strühpfer,** die seun van EEN predikant. Soos die predikant-gimnaste van ouds het hy besluit dat dit nie sy rigting hierdie is nie. Hy het die wêreld ingestap, by die "labs" uitgekom—en B.Sc. geloop.

**Gerrie van der Berg,** oud B.P.Ed.ter, tans gimnastiekonderwyser op Lydenburg, het 'n broer wat vir die mense preek êrens in Noord-Transvaal.

**Jan Kroeze**—oor hom is daar min te sê; nie eers iets slegs nie. Sy pa vertel nou wel grappies oor „Winden Watermeulens" en „Die Koei op die Ewenaar," maar hy is 'n predikant.

**Chris Lessing,** aspirant predikant, het verlede jaar gereëld soos klokslag elke gimnastiekklas bygewoon. Omdat dit geen betrekking het op die onderwerp, hoef ons nie sy nooi se naam te noem nie, maar sy is vanjaar finale jaar B.P.Ed'ter.

Dan kry ons nog onder die B.P.Ed's manne met die van van **Dominy** en een van hulle se nooi weet presies watter wilgerboom daar onderkant die gimnastieksaal die beste skaduwee het, sy loop vanjaar B.A.—„Smallhops"—en sy is die dogter van 'n predikant.

WHITEY.